**Maandag 28 April**
**Skrifgedeelte: Psalm 119:153-160**
**Fokusgedeelte: Psalm 119:153, 159**
**Roep volhardend na God**

Hoe maklik voel ons nie dat God ons miskyk nie? Dis dan wanneer ons juis moet uitroep tot Hom.

Dit gebeur maklik wanneer ons deur moeilike of uitdagende tye gaan dat ons onsself afvra: Waarom het die Here nou so gemaak? Waarom? Ons kan maklik sit en tob oor die redes vir die dinge wat ons oorkom. Tog sien ons hier duidelik dat die digter geleer het om uit te roep tot die Here. Hy tree in God se teenwoordigheid in met sy uitroep: *“Sien tog my ellende raak Here … Sien my tog raak.”*

Wat interessant is, is dat hy juis sy besigwees met die Here se woord as grondslag vir God se raaksien beskou. Dit moet ons nie laat dink hy verdien God se teenwoordigheid en sorg nie. Die Woord is wel die wyse waarop ons God se teenwoordigheid begin ervaar – dis hoe ons God leer ken. Sonder sy Woord sal ons beswaarlik kan uitroep om raakgesien te word. God se Woord het die raakpunt geword tussen sy uitroep en sy krisis.

Wanneer ons lief raak vir die Here se Woord, dra dit hierdie vrug: ons begin al meer en meer tot God uitroep in ons tye van nood. Dit raak die grondslag vir ’n lewe in sy teenwoordigheid. Het jy sy stem al so leer ken dat jy al meer en meer verlang na sy aangesig? Hou jou besig met die Woord en roep volhardend uit na God.

*Sing: Psalm 18-1:2, 3*

*Ds. J (Hanno) van Schaik (Plettenbergbaai/Knysna)*